

## 'n WAG VOOR JOU MOND

Louis Maritz, 29Julie 2012

### Skrifgedeelte wat pas hierby: Gehoorsaamheid, Skuldbelydenis

|   |  |
|---|--|
| Karakter                                | 1 is Kosie...jong seuntjie. 2 is Wysneus, alias, Kiep, Kentuky, Wyse hoender (is by die Olympix) en 3 Donkie staan in  |
| 1                                       | Hey hallo Donkie, hoe gaan dit?  |
| 3                                       | Baie goed dankie, dis heerlik om weer hier by jou te kuier. Ek was baie lank laas hier.  |
| 1                                       | Ja, ai my goeie vriend jy het dit amper nie gemaak om hier te wees.....  |
| 3                                       | Ai man, my span het mos laas Saterdag "gechoke" so my reisplanne is kort geknip....maar ons wyse vriend is darem meer gelukkig, hy kyk hoe ons spanne deelneem in Londen.  |
| 1                                       | Ja ek sou ook so graag saam met Wysneus by die Oolimpiekspele wees.  |
| 3                                       | Koos man die is O-lim-pie-se Spele   |
| 1                                       | Ja, okay man ( <i>spreek stadig uit</i> ) OolimPiese Spele, .....dis darem 'n baie groot woord.  |
| 3                                       | Het jy darem die openingsseremonie gesien?   |
| 1                                       | Ja .....gelukkig was dit nie 'n skoolaand nie.... en ek het saam met my ma en pa gekyk...dit was baie mooi   |
| 3                                       | Dit was oulik...ek hoop nie jy spring ook so op jou bed soos daai kinders nie...   |
| 1                                       | Nee nooit, ek wil nie op my bed spring nie...nie weer nie. Ek wil baie, baie graag eerder deelneem, maar ek weet nie wat om te doen nie. ....  |
| 3                                       | Dis maklik Kosie.....ontdek waarin jy goed is, luister vir die "coach" en oefen , oefen, oefen, oefen, oefen, oefen en dan as jy nie weet wat om te doen nie, dan oefen jy nog...  |
| 1                                       | Ja okay okay ( <i>vielerig</i> )...ek kry die boodskap..... ( <i>planmakend</i> ) mmm, maar ou Donkie, sê gou vir my .....( <i>opgewonde</i> ) is daar nog nie Playstation games by die olimpiese spele nie?.....want ek oefen baie, baie hard daaraan...ek los partykeer so bietjie huiswerk uit..... om aan dit te oefen..... ( <i>skree opgewonde</i> ) EK gaan 'n Olimpiese medalje wen whooohaaaa!!!  |
| 3                                       | ( <i>Waarskuwend</i> ) Dis baie gevaarlik, om huiswerk te los vir games. Koos, ...jy is mos 'n verantwoordelike seun wat verstaan dat as jy nie huiswerk doen en leer nie, jy sleg gaan doen op skool...en dit gaan jou mamma en pappa se hart baie seer maak.   |
| 1                                       | Jaaa, ek hoor jy klink soos my Ma.. ( <i>skree vermakerig</i> )..Kooooos, waaaaar is jy??? Kom doen jou huiswerk....Koos dit...Kooooos dat.....ek wens eerder ek was saam met ou Wysneus- Resies-hoender Londen toe, dan hoef ek nie skool toe te gaan of huiswerk te doen nie. En 'by the way', hy is ( <i>spreek stadig uit</i> ) OolimPiese Spele toe en hy het glad nie so baie geoefen nie...hy speel nie eers games nie.. Ek sal hom enige dag wen.... |
| 3                                       | ( <i>erenstig</i> ) Koos, ....jy is nou so slim soos 'n boom vol uile.... soos meeste tieners...en jy is besig om my te ontstel.....   |
| 1                                       | Jy sien Donkie, daar erken jy dit ook...ek is slim en hoef nie skool toe te gaan nie.  |
| 3                                       | ( <i>probeer die onderwerp verander</i> ) Koos, hoekom vertel jy my nie watter storie Wysneus jul laas vertel het, toe hy hier nie, dan sien ons of jy regtig slim is....  |
| <i>Stem roep soos 'n liefdevolle ma</i> | Kooooos, kom tel jou speelgoed op en bêre dit asseblief.....gou, gou dis nou die derde keer dat ek vra....luister asseblief my seun...<br><br>( <i>Koos kyk vinnig links en regs en verdwyn, sonder om 'n woord te se....</i> )  |
| 3                                       | Ooooo maats..... julle moet my nou help asseblief, ek was nie laas hier toe Wysneus die storie vertel het nie....is dit reg so, sal julle my help....deal?....OK   |
| 1                                       | (Koos kom bietjie uit asem terug)<br>Okay, mmmmmmm....( <i>verlig</i> ) dit was amper .... ( <i>vraend</i> ) waar was ons???<br>Eeehh ojaaaa .....Wysneus het my vertel dat Jesus op 'n Vrydag gesterf het en en op 'n Sondag opgestaan het.   |
| 3                                       | Mmmmmmm, klink of jy goed geluister het ....oor Goeie Vrydag en Paas Sondag  |
| 1                                       | Einste net soos jy sê.....en hy het my ook vertel dat dit belangrik is om vir mense van Jesus te vertel.... toe wys hy vir ons 'n You Tube clip oor bye wat so dans... so ZIG ..ZAG...ZIG ....ZAG...en vir die ander bye wys waar die heuning is.  |
| 3                                       | ( <i>Vra aan die gehoor</i> )...Is dit reg maats? Gee 'n paar oomblikke kans....Okay, ek sien julle het ook geluister. Dit was slim van Wysneus.... as ons vir ander mense van Jesus vertel, wat Jesus in ons lewe beteken en reg leef, dan kan ons hulle help om ook Jesus in hulle hartjies in te nooi. Dan sal hulle ook hemel toe gaan ....  |

|   |  |
|---|--|
|   | ... ( <i>selfversekerd</i> ) en daai gedagte is so soet soos heuning.  |
| 1 | .....( <i>Uitdagend</i> ) Hey ou donkie, jy is amper so slim soos daai Kentucky voel....jo julle is seker altwee 'n jaar teruggehou op skool, om julle so slim te maak? ( <i>skelm laggie</i> )He heh heh  |
| 3 | Nee Koos! Dis nou regtig nie 'n mooi ding om te se nie. Dis baie ongevoelig en onvanpas...skaam jou.   |
| 1 | Maar dis wat die ander kinders by die skool sê....   |
| 3 | So as iemand anders iets verkeerds doen, beteken nie dit is reg nie.   |
| 1 | Ou donkie, ek is so jammer dat ek lelik was met jou....ek wil ook so graag slim wees en omdat ek nie so slim is soos jy en resies hoender nie.... sê ek partykeer goed om julle te laat sleg voel, dan..dan... voel ek beter...  |
| 3 | Koos man..mmm...ek sien ..ek aanvaar jou verskoning, maar jy moet versigtig wees om dit nie weer te doen nie....jy gaan van jou vriende verloor.....niemand gaan meer jou maatjie wil wees nie.  |
| 1 | ( <i>aanvallend</i> ) Ek het 'n slegte dag....julle stress my uit.....hoekom chill almal nie net en los my uit nie...ek wens ek was eerder by Wysneus..... vertel my weer waar Wysneus is?   |
| 3 | Wysneus is Londen toe.....na die Olimpiese Spele.  |
| 1 | Oooooo.... ek weet, hy moes gaan help... het jy gesien hoeveel kos daai mense gaan eet?????.... My pa se hulle het 31 ton hoender en 19 ton eiers nodig. Ha ha ha, ek wonder in watter afdeling hy gaan help.....?   |
| 3 | Koos, ek het nou genoeg gehad van jou swak maniere....jy doen nie huiswerk nie....jy luister nie na jou ma as sy sê jy moet jou kamer skoon te maak...jy kraak jou vriende af.....jy maak of dit almal rondom jou se skuld is....( <i>10 sekondes stilte.....donkie verdwyn... baie mismoesdig</i> ) |
| 1 | ( <i>Vraend</i> ) Wat is fout? Wat het ek gese? .... maats help, het ek iets gesê?????   |
| 1 | ( <i>Roepend</i> ) Hey donkie, kom hier..... kom praat met my. Waar is jy nou heen??? Kom terug....  |
| 3 | <i>Praat sonder om op te kom....</i> Koos, jy maak my nou lekker kwaad, want jy luister niks, ek het mooi gevra dat jy 'n wag voor jou mond moet sit en nie lelik praat van of oor ander mense nie.  |
| 1 | Ek is baie jammer, ek belowe om 'n wag voor my mond te sit.  |
| 3 | Koos-man dis baie, baie belangrik om te luister...luister vir jou mamma en pappa en onderwysers. ...as jy lief is vir hulle, soos Jesus wil he jy moet wees, sal jy luister.....   |
| 1 | Sorry ou Donkie, <i>skaam</i> eehh ...eekk.... ek is baie jammer dat ek soveel dinge verkeerd gedoen het.  |
| 3 | Nee, 'n mens se nie iets wat 'n ander mens gaan laat sleg voel nie....en as jy per ongeluk iets sleg gesê of gedoen het, vra mens verskoning. Maak nou die saak reg met my, Wysneus en met jou ma...   |
| 1 | Regmaak...eehh .. Amper soos sondes bely?  |
| 3 | Ja   |
| 1 | Oooooo OK, so ek moet nie net saans as ek bid vir Jesus verskoning vra nie, en vra dat hy asseblief my sondes moet vergewe nie, maar ek moet dit ook doen teenoor al die mense rondom my?  |
| 3 | Ja Koos, nou is jy op die regte pad....moenie lelike dinge van ander mense sê nie..  |
| 1 | <i>Koos val vir Donkie in die rede....</i> en as ek dit per ongeluk gedoen het, moet ek verskoning vra...  |
| 3 | Ja Koos.   |
| 1 | Ouooo...maats, ek is jammer oor wat ek gesê het van Ou Wysneus...ek wens hy wil nou terug kom van die Olimpiese spele, sodat ek vir hom verskoning kan vra....ek is nou te bang om Kentucky of 'n eier te eet ooo ek wil nie eers daaraan dink nie.....  |
| 3 | Ja Koos en jy kan ook bid en vir Jesus vra om jou te help om nie ander mense met jou woorde seer te maak nie.  |
| 1 | Ek so bly dat Jesus vir my sondes gesterf het en dat ek nou vry kan wees.  |
| 3 | Koos, dis baie belangrik dat jy elke dag vir Jesus dankie sê, dat Hy dit vir ons gedoen het.   |
| 1 | OK, ek sal dankie sê, ek sal....   |
| 1 | Ooooo ek verlang nou na Wysneus. Hy moet terug kom en my alles kom vertel van wat hy gesien en gehoor het daar by die olimpiese spele....oooo hy gaan sulke lekkerrr stories kom vertel.   |
| 3 | Bye maats, hoop julle het 'n lekker dag....Oom Frans....take it away!!!!   |
|   |  |